# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (05/10)

*Justin Chadwick (4 Februarie 2010)*

GESEGDE VAN DIE WEEK *“Snow and adolescence are the only problems that disappear if you ignore them long enough” Earl Wilson*

## FRUIT LOGISTICA

Die eerste dag van sneeu is pragtig – dit val saggies rondom jou neer, versag die omgewing en verfraai dit orals. Teen die derde dag verander dit van sneeu na half gesmelte sneeu na ys – en as jy net vir ‘n oomblik nie konsentreer terwyl jy na die moltrien stap nie eindig jy op in ‘n baie swak vertoning van Michael Jackson se Moonwalk. Ek is seker dat die meeste Suid-Afrikaners bly sal wees om na die bekende somertoestande terug te keer na nog ‘n Fruit Logistica. Toe ons die onsekerheid van die ressesionere klimaat van laasjaar in die gesig staar het, was die mantra “touch, pause, engage”. Hierdie jaar se roep was een van “engage, engage and engage”. Tydens laas jaar se ressesionere ekonomiese klimaat (lae verskaffing, lae aanvraag en lae pryse oor die algemeen) het uitvoerders geleer wie by hul deur dik en dun sal staan en hierdie was die vennote wat die Suid-Afrikaanse stalletjie besoek het om verhoudinge te hernu en vir 2010 te beplan. Die dae om net by die stalletjie op te daag in die hoop om iemand te ontmoet om besigheid mee te doen blyk om iets van die verlede te wees; in meeste gevalle is afsprake lank vooraf gemaak en was die uitvoerders in noue vergaderings met hul onderskeie vennote. Die stalletjie het weereens Suid-Afrika as ‘n ernstige speler in die Europese Mark uitgebeeld. Departement Handel en Nywerheid verdien applous vir die beskikbaarstelling van hierdie platvorm aan die vrugtebedryf om ons bedryf te vertoon en die Departement Handel en Nywerheid en FPEF personeel moet vir hul gasvryheid en die professionele wyse waarop hul alle besoekers hanteer het, geprys word.

Vir die CGA is dit ‘n geleentheid om met die globale sitrus gemeenskap te skakel – beide formeel en informeel. Formele interaksie vind tydens verskeie vergaderings plaas - Freshfel, Globale Sitrusvergadering, CLAM (die Mediterreense Sitrusbedryfsliggaam) en SHAFFE (Suidelike Halfrond se Vereniging vir Uitvoerders van Varsprodukte). By hierdie vergaderings word data en inligting met betrekking tot volume verwagtings, marktoestande en sake van belang uitgeruil. Informele interaksie vind by die duisende stalletjies waaruit die uitstalling bestaan, plaas.

Alhoewel die boodskap vanaf die Noordelike Halfrond redelik positief is, is dit nodig vir realiteit. Alhoewel die ressessie volgens baie verslaggewers verby is, is dit hoogstens wensdenkery en ‘n tegniese punt. Die waarheid is dat mense se besteebare inkomste in die slag gebly het en die meeste is opsoek na ‘n goeie transaksie. Dit gesê, glo ek dat suurlemoenprodusente na ‘n goeie seisoen kan uitsien. Die Spaanse oes is kort en alhoewel Turkye ‘n gedeelte van die gaping gevul het, blyk dit dat daar vroeg in die seisoen ‘n aanvraag na die produk gaan wees. Met Argentinië wat ‘n afname in oes gaan hê as gevolg van die weer kan die suurlemoenseisoen goed begin en eindig.

Die Noordelike Halfrond se mark vir pomelos het begin waar ons geeindig het met teleurstellende gevolge vir die meeste Noordelike Halfrond uitvoerders. Daar word gehoop dat die promosie veldtogte in die VK en Japan aanvraag sal verbeter en pomelos uit hierdie ewigdurende agteruitgang sal kry. Pomelos is so ‘n goeie produk – dit verdien beter!!!

Die Satsuma mark sal waarskynlik ‘n bietjie meer kompeterend as in 2009 wees, met Peru en Uruguay wat beide normale oeste gerapporteer het na swak 2009 ondervindinge. In die algemeen was die Noordelike Halfrond se sagte sitrus seisoen goed; daar is geen rede om enige verandering te verwag wat ‘n invloed op ons seisoen sal hê nie.

Die vroeë verdwyning van Suidelike Halfrond lemoene in 2009 het beteken dat die Noordelike Halfrond ‘n leë mark gehad het en hul beter groottes het tot algehele goeie verdienstes vir lemoene gelei. Hierdie kan deur slim bemarking volhou word en om by goeie gehalte te bly en aan die verbruiker te verskaf wat hy/sy wil hê. Soos in 2009 sal daar nie vir marginale vrugte plek wees nie – hou dit liewers by die huis.

## ONTHOU

Vinnige aanmanings – pakhuiswerkswinkels Limpopo 9/10 Feb; Mpumalanga 11/12 Feb; KZN Swaziland 15/16 Feb; Oos-Kaap 17/18 Feb; Wes-Kaap 23/24 Februarie [Info oor plek, tyd, agenda op www.cga.co.za].

Pomelo produsente is versoek om aan NAMC oor heffingaansoek kommentaar te lewer teen 5 Feb [besonderhede op www.cga.co.za].

CGA Road shows – Nkwaleni op Dinsdag 2 Februarie 2010; ander streke eerste twee weke van Maart – datums sal volg.

“Global Citrus Conference” in Kaapstad – 8/9 Julie 2010 – besonderhede op www.gcc2010.co.za

**PRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR DIE AKTIWITEITE VAN DIE SITRUS PRODUSENTEVERENINGING, SITRUS AKADEMIE EN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL**